Ploegland

Moedig beur die osse teen die span van die rieme
Die koppe nederig laag teen die weerstand ingebuk
Die roep van die boer se stem wat gedurigdeur bemoedig
laat die osse gewillig dra aan die swaar las van die juk
La la la la La la la la
Aan die swaar las van die juk

Woes en rof skeur die skaar deur die grondkors van die aarde
Hy breek en maal die kluite in die boer se nuwe land
Een vir een val die vore uit in lang reguit rye
Die ploeg sekuur gestuur deur die boer se ferm hand
La la la la La la la la
Deur die boer se ferm hand

Ek en jy is die skaar wat skeur deur die braakland van die lewe
Getrek deur God se Gees se krag kyk ons nie een maal om
Gestuur deur Sy hand ploeg ons vir Hom die vore
Berei ons die goeie grond vir die Saaier wat na ons kom
La la la la La la la la
Jesus die Saaier wat na ons kom

Woorde en dade

Jy sê jy behoort ook nou aan Jesus
Jy het jou hart vir Hom gegee
Jy sê die nuwe keuse in jou lewe
is om `n troue band met Hom te smee
Maar besef jy dat hierdie goeie keuse
is eintlik net die helfte van die saak
Want as jy vir Jesus regtig lief het
sal jy dit in jou dade sigbaar maak

Dan sal jy besef dis deur genade
dat jy gered is vir sy troon
Jy sal weet sonder Hom is jy verlore
maar volgens jou werk word jy beloon
Sy liefde gee jou die begeerte
om ook liefde aan ander te bewys
en dit is juis jou kosbaarste geleentheid
om die Here te loof en Hom te prys

Kom laat ons dan nou staatmaak
op die krag van die Heilige Gees
Dat ons nie net deur woorde, maar ook dade
waarlik God se kinders sal kan wees
Kom ons vra Hom dat ons deur sy liefde
al meer en meer soos Hy sal raak
Dat ons nie net deur woorde maar ook dade
Die Here se Naam al groter maak

Herinneringe aan die Overberg

Het jy al ooit die pad gevat - oor Sir Lowry's-pas gery ?
Deur die heuwels van die Overberg by Caledon verby
So ry jy met die vrede wat hierdie grasgroen land jou gee
deur Bredasdorp, rondom Soetmuisberg
Tot by Waenhuiskrans se see
Kom laat ek jou vertel van hierdie wêreld
Van die duine, die fynbos en die see
Waar die rollende golwe op die koring in die wind
Jou siel weer die ware rus kan gee

En het jy al in die veld gaan loop as die duinevygies blom
Vir jou `n vis gaan koop as Kassiesbaai
se skuitjies huis toe kom
Dan besef jy in hierdie mengelmoes van kleur en klank en geur
lê die eenvoud waarvan Jesus sy dissipels wou kom leer
Kom laat ek jou vertel van hierdie wêreld
waar Proteas nog sommer wild die veld versier
Van die toring by Aghulas en van Struisbaai se plaat
en die pont by Malgas oor die Breërivier

En het jy al by die Otter, by die baken stil gaan staan
net om te kyk hoe die son teen die soutsproei ondergaan
En het jy toe jou Skepper so duidelik met jou hoor praat
in die eensame roep van `n seemeeu na sy maat
Kom laat ek jou vertel van hierdie wêreld
Van `n dorpie met `n wit langtoring-kerk
Waar die mense nog soms stilstaan
om mekaar die hand te gee
Hier waar Afrika eindelik doodloop in die see

Moet ek gaan met leë hande ?

Moet ek gaan met leë hande ?
Moet ek so my Heer ontmoet
Nooit eers een keer my kruis gedra nie
en niks eers te offer aan Jesus se voet
Moet ek gaan met leë hande ?
Moet ek so my Heer ontmoet
Nooit eers een dag vir Hom gewerk nie
en niks eers te offer aan Jesus se voet

Moet ek gaan met leë hande ?
Moet ek so my Heer ontmoet
Nooit eers een keer vir Hom getuig nie
en niks eers te offer aan Jesus se voet
Moet ek gaan met leë hande ?
Moet ek so my Heer ontmoet
Nooit eers een siel na Hom toe gelei nie
en niks eers te offer aan Jesus se voet

Kom kyk na die werkers daar in die lande
wat moeg en krom met die sekels staan
Kom ons gaan help ook met die koring-gerwe
Kom laat ons ook na die lande toe gaan
Want dan gaan ons nie met leë hande
en kan ons blymoedig ons Heer ontmoet
Almal hier om ons gelei na Jesus
Die oes uit sy lande .... geoffer aan sy voet

Abba Vader

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir die liefde, die seën uit U hand
Vir sonskyn elke môre en elke druppel dou
Vir klein magrietjies se helder blommeprag
Vir `n geelvink en `n swaeltjie wat `n nes so slim kan bou
en vir skemerrooi aan die einde van die dag

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir die troos en die voorspraak van U Gees
Vir leiding as ek sukkel teen die steiltes op my pad
Vir die fluister wat ek sag in my gees kan hoor
U gee my lewensvreugde en vrede in my hart
en oorwinning as dit voel of ek verloor

Abba Vader ek wil net kom dankie sê
Vir U Seun se liefdesoffer aan die kruis
Vir die sweepslae, die spykers en elke druppel bloed
Hy't so gewillig daar gehang en daar gely
En dankie vir oorwinning oor die dood se donker graf
want ek weet Hy het opgestaan vir my

Daarom loof ek U en daarom prys ek U
uit my hart - diep uit my hart
Ja dankie Abba Vader want wat ook al gebeur
U bly altyd volkome in beheer

Ongelowige Thomas

Die ander vertel my, Maria het kom sê
Sy het Hom weer gesien. Hy het teruggekeer
Sy graf was leeg. Die klip was weggerol
En `n engel het gesê die Meester lewe weer
Hoe kon dit moontlik wees ?
Hoe kon ek dit glo ?
Ek het Hom dan self gesien - aan die kruis - met my eie oë
Ek het dan gehoor hoe Hy roep die laaste maal
Hy het dan so leweloos gehang toe Josef Hom kom haal

En toe later was ons weer almal saam
Ek was verbaas oor die geloof van die ander tien
Want ek het geweet ek sou eers waarlik glo
as ek die merke van die spykers in sy hande sien
Hy kom toe by my staan en Hy sê sag vir my :
Kyk hier's my hande - Thomas. Kom voel hier in my sy
Toe het ek geweet - Ja dit was regtig so
Dit was my Here en my God - toe kon ek waarlik glo !

Hy het opgestaan vir my en jou
Dis die anker van geloof waaraan ons vas kan hou
En Hy wil ons seën, as ons maar net wil glo
Sonder om te sien met ons ongelowige Thomas-oë.

Gebed voor die boodskap

Vader en Seun en Heilige Gees
U is ons Hemelkoning
ons wil U kinders wees
Ons loof en prys U grote Naam
almagtige Hemelheer
Ons buig nou in aanbidding
nederig voor U neer

Vader en Seun en Heilige Gees
waar ons in U Naam vergader
daar sal U wees
Kom praat deur U kneg se woorde
dat hy ons kan leer
En maak ook ons harte
ontvanklik vir U Heer

Kom praat nou deur sy woorde
dat hy ons kan leer
En maak ook ons harte
ontvanklik vir U heer

Soos jy

Weskus-vissershuisies en skuite by `n kaai
Somerson en seewind en meeue wat draai
Spierwit sand en `n dryfhoutvuur om `n snoekie op te braai
Dis die Kaap op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by die seewind en by branders soos jy

As Drakensberg se pieke in die wolke verdwyn
en `n bergstroom flits en blink as die son daarop skyn
dan staan jy stil in eerbied, in die grootsheid voel jy klein
Dis Natal op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by die sneeubedekte pieke soos jy

Herfs tooi die bome in Josef se jas
Teen skemer kom die stilte - druk jou sag teen hom vas
Hier kry jy die geleentheid om jou siel weer skoon te was
Dis die Bosveld op sy beste en so moet dit bly
want niks pas by `n hardekoolkampvuur soos jy

Net die beste het die Skepper vir ons land gehou
Sy grootste, sterkste blokke om ons berge mee te bou
Sy mooiste rooi vir sonop, vir die see die mooiste blou
Maar eintlik, sy grootste wonderwerk
het God geskep net vir my
want niks pas by my lewe, my liefling, soos jy

Huweliksgebed

Kom, sluit jou oë
Kom buig eerbiedig voor die Here neer
Kom juig saam met die engele
voor die almag van die Heer

Hy is die Skepper van die heelal
Hy is so ontsettend groot
Die Gewer van alle lewe
Die Oorwinnaar oor die dood

Kom dink dan, dink hoe wonderlik
Daardie Skepper is nou hier
Julle twee is vir Hom so belangrik
Hy't julle huwelik saam kom vier

En waar Hy dan nou hier is
kon Hy hoor toe julle sê
dat julle deur sy liefde
mekaar ook altyd lief sal hê

Nou bid ek namens almal hier
en in die Naam van die Heer
Sy liefde, sy genade,
sy vrede op julle neer

My gebed vir julle huwelik
is dat julle Hom daardeur sal dien
Dat die hele wye wêreld
God se liefde daarin sal sien

Oorwinningslied

Ek sien in my gees die glorie en die almag van die Heer
Die Allerhoogste wat in liefde oor sy koninkryk regeer
Hy't belowe aan die einde op die wolke kom Hy weer
Hy is Koning Hy regeer
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Hy is Koning Hy regeer

Die Here is ons Vesting wat vir altyd sal bly staan
Hy beskerm elke mens wat in geloof na Hom toe gaan
Hy's ons Skuiling, Hy is ons Wapen,
Hy het die vyand reeds verslaan
Hy is die Rots wat ewig staan
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Hy is die Rots wat ewig staan

Kom deel nou in ons loflied hef jou hande op na bo
Blaas basuine, slaan op dromme
en kom dans voor God se oë
Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo
Want sy Woord sal ewig staan
Loof Hom, prys Hom Halleluja (3x)
Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord sal ewig staan
God se Woord sal ewig staan